



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Bakdag deur Anna Emm

Môre is dit Bakdag by Ansie se skool. Al die kinders moet self koekies bak en dit dan skool toe bring om te verkoop. Ansie is somer baie opgewonde. Sy is baie lief vir bak, en sy is seker dat háár koekies die heel lekkerste in die hele skool sal wees. Sy het al haar sakgeldjies gebruik om meel en eiers en bakpoeier en olie te koop, en nou pak sy al die goeters mooi uit op die tafel. Net toe sy die meel begin sif, kom sit twee voëltjies op die vensterbank. "Oe! Bak jy tog nie koekies nie?" vra hulle opgewonde. "Kan ons die koekies by jou koop?"

Maar Ansie skud net haar kop en sê: "O nee, hierdie koekies is vir Bakdag by my skooltjie!"

Die twee voëltjies bly opgewonde op die vensterbank sit om te sien wat Ansie gaan maak. Toe die meel klaar gesif is, meng sy die eiers by. 'n Bietjie melk en 'n bietjie olie. Nou nog net die suiker.

Maar o aarde, net toe Ansie die suikerpot van die rak wil afhaal, stamp sy per ongeluk die soutpot om! Die sout val uit, en 'n hele hoop sout val binne-in haar deeg!

"Agge nee!" roep Ansie benoud. "Nou gaan die koekies heeltemal te sout wees!"

"Dalk is dit nie so sleg nie," fluister die voëltjies, "sit net baie suiker in en dan bak jy dit klaar."

Ansie voel nou somer lus om te huil. Sy was so opgewonde, en nou is alles bederf. Maar sy bak die koekies klaar, en toe dit uit die oond uit kom, vat sy 'n klein happie om te proe. Dis aaklig sleg en heeltemal te sout!

"Ek het nie geld vir nog meel en eiers nie," snik sy, "en nou gaan ek nie koekies hê om te verkoop op Bakdag nie! Wat gaan ek maak?"

Een van die voëltjies wip van die vensterbank af en proe aan die koekies. Dan roep hy sy maatjie, en die maatjie proe ook.

"Ansie," sê die voëltjies, "ons is MAL oor die koekies! Die sout pla nie vir ons nie – dis lekker! Ek is seker as ons die ander voëltjies gaan roep, sal jy al hierdie koekies verkoop kry. En dan kan jy met die geld weer gaan meel koop vir nuwe koekies."

En kan jy dit glo? Toe die voëltjies hoor hulle kan kom koekies koop, is daar somer gou 'n hele swerm van hulle op die vensterbank. Hulle betaal een silwer geldjie vir elke koekie, en voor jy kan sê "bottermes" is al die koekies uitverkoop! Met haar sak vol geld draf Ansie na die winkel toe, en gaan koop sy weer genoeg bestanddele vir nuwe koekies.

By die huis bak sy vrolik, en hierdie keer maak sy seker sy stamp nie weer die sout om nie. Die nuwe koekies is heerlik! Net reg vir die tweede Bakdag. Want Santie het somer al klaar haar eerste Bakdag by die huis gehou!

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie

**Bakdag** illustrasie deur Elanie Bieldt

